PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

16 April 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Indien u vanoggend 'n besoeker, nuwe intrekker of -lidmaat hier is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet/groet ds Sunell na afloop van die oggenddiens voor by die preekstoel.

Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Paul Stoltz

10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin Jeug

Program vir die Week :

Woensdag: 19 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 20 April
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 21 April
05:15 Mannebediening

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis!

ONTHOU asseblief Hoogland maak staat op u koffie donasies.

HOOGLAND KKENK
KOOR- KOS- & KUIERFEES
4 & 5 MEI 2023

KOORFEES : 4 Mei om 18:30

Kaartjies is beskikbaar @R60 om in Hoogland se kerkgebou die koorfees by te woon of @R35 om dit by die huis via "*livestream*" te kyk.

Die Donderdagaand sal daar ook heerlike kerrie & rys, boereworsrolle, samoesas en "*jaffels*" in die saal te koop wees tussen 16:00 - 19:00, tesame met 'n snoepie en 'n koffie-kuier-winkel met allerlei lekkerhede.

KKenK Veiling : Vrydag, 5 Mei om 18:30

Die veiling beloof om hierdie jaar iets baie besonders te wees met spesifieke items wat opgeveil sal word soos bv. 'n naweek vir 'n gesin van vier by *Krystal Beach* Hotel in Gordonsbaai asook 'n gesinsnaweek by Grootnek gasteplaas buite Joubertina.
Die veilingspan is egter opsoek na nog items soos bv. 'n jag pakket vir die jagters, heel lammers/skape, 'n "*airfryer*", lekker kampstoele of enige so iets wat opgeveil kan word!

HOOGLAND KK EN K
KOOR- KOS- & KUIERFEES

4 & 5 MEI 2023

KOS- & KUIERFEES : 5 Mei vanaf 16:30

Stalletjie konvenors: Julle is baie welkom om vir Annalize / Leon te kontak met enige navrae rakende jou stalletjie. Hier is reeds produkte wat die konvenors kan kom afhaal ter voorbereiding vir hulle stalletjie, veral die poedingtafel en die baksters. Gesels gerus met Annalize / Leon as jy nog enige inligting nodig het rakende jou stalletjie.

Bemarking: Hooglanders neem asseblief 'n pakkie KKenK pamflette (*flyers*) in die Voorportaal en gooi gerus in jou meenthuis-kompleks en ook sommer in jou straat se posbusse! Nooi gerus jou bure om saam te kom KKenK!!

Boereworsrolle: Benodig nog 2 braaiers om te kom help wors & sosaties braai die Vrydagmiddag/-aand en ook hande wat kan help met die verkoop. (Braaiers bring asseblief jou eie toeknyprooster saam vir jou skof.) Gesels gerus met Annalize / Leon as jy kan kom help by die Boerewors/Sosatie stalletjie.

Plaasstal: vra asseblief na enige ingelegte produkte, handwerk items, gevrieste maaltye om as geheel te verkoop.

Tuisgebak tafel: vra asseblief na enige gebak, veral groot koeke, yskasterte, lekker kolwyntjie, tuisgebakte beskuit, kleinkoekies, ens.

Lekkergoed tafel: as jy kreatief is en lekkergoed mooi kan verpak of "outydse" partytjie "*sweeties*" bv. windmeultjies óf motortjies óf toffieappels óf so iets kan maak gesels gerus met Annalize en bederf die kinders.

Die plaasstal, tuisgebak– ,lekkergoed- en poedingtafels items moet asseblief teen Vrydagoggend, 5 Mei om 12:00 by die kerkkantoor afgegee word om te prys en reg te hê vir die Kuierfees wat om 16:30 afskop!

Vir enige navrae oor tafels, skenkings, donasies van bestanddele of as jy wil aanmeld om te help - gesels gerus met Annalize of Leon.

Bestanddele lys!! HELP ASSEBLIEF!!

Baie dankie vir elke donasie wat reeds ontvang is. Dit maak werklik 'n verskil.
Die Basaarspan benodig nog die laaste paar bestanddele.
ALLE donasies MOET TEEN Woensdag, 19 April by die kerkkantoor afgegee word, aangesien die finale aankope lys dan gefinaliseer sal word.
Laat u donasies gerus Sondag by Gemeentedienste of kom gee hiérdie week by die kerkkantoor af, teen 19 April.

WAT WORD NOG BENODIG?

- vleis produkte (Wors/*patties*/blokkies vleis/maalvleis) - Kontant donasies
- bevrore skyfies - kontant donasies
- 400 x hamburger rolletjies
- 600 x boerewors rolletjies
- 200 x vetkoeke
- 12 x wit brode (*jaffles*)
- 15 x Blaarslaai koppe
- 2 x kassies tamaties
- 400 x kaas "*slices*"
- 4 kg gerasperde kaas
- 2 liter bruin asyn
- 6 x bottels blatjang (*chutney*)
- 2 x bokse "*cappuchinos*"
- 2 x houers "*hot chocolate*"
- 2 x pakkies ongespringde springmielies
- 68g Kaneel
- 2 x 2,5kg koekmeel
- 14 x 250g margarien
- 200 x ekstra groot eiers
- 6 x 500g lasagne velle
- 1 x 500g bruismeel
- 37 liter melk
- 11 x blikke *ideal*melk
- 2 x pakke tennisbeskuitjies
- 26 x blikke ingelegte vrugte
- 20 liter room
- 20 liter vla